

Bibleworks 8

Kragtiger, makliker, vinniger – en dit teen dieselfde prys

Dr AH Bogaards

(Gereformeerde Kerk Pretoria-Rooiwal. (ahb1@enigstetroos.org)

Die spreekwoord lui: Onbekend maak onbeminde. Ek is seker dat die omgekeerde ook waar is in hierdie geval: bekendheid met BibleWorks sal die program besonder beminde maak by u.

Dit is onmoontlik om in so 'n resensie alles van so 'n ontsaglike ryk en kragtige program te noem. As u dus nog meer van die program wil weet, kan u na die webadres van Bibleworks gaan (<http://www.bibleworks.com/>). Daar kan 'n baie volledige brosjure afgelaai word (<http://www.bibleworks.com/bwintro.html>).

Nog kragtiger, makliker en sonder inboet van spoed

In hulle vorige brosjure by Bibleworks 7 sê die programmeerders wat hulle oogmerke met die program was: kragtigheid, eenvoud en spoed.

Met Bibleworks 8 het die programmeerders daarin geslaag om 'n reeds buitengewoon goeie program nog kragtiger en nog meer gebruikersvriendelik te maak. Boonop het dit, ondanks vele nuwigheede, weinig inboet aan spoed.

Dit alles teen die ou prys!

Dit is ongelooflik: ondanks talle nuwe funksies en boeke het die prys van die basispakket dieselfde gebly. Dit sê ook iets van die gesindheid van die programmeerders.

Tydbesparing en noukeurigheid

Skrifverklaring en preekmaak bly 'n moeisame en tydsame proses van nadink oor die betekenis van verskillende woorde en Skrif-met-Skrif-vergelyking.

Weliswaar kan die rekenaar en Bibleworks u nie in alles help nie. Tog kan hierdie program u besonder goed help om tekste en woordbetekenisse vinniger op te kyk. Dit gee u meer tyd om oor die teks en u preek na te dink.

Die rekenaar en Bibleworks is ook van groot waarde wanneer dit kom by die deeglikheid en noukeurigheid waarmee u woorde, woordbetekenisse en tekste kan opsoek.

Oorspronklike tekste

Die basispakket van BibleWorks (\$349) bevat al die belangrikste grondtekste van die Bybel: die BHS Hebreeuse Ou Testament, die Nestle-Aland (27 ste uitgawe) en die UBS (4de edisie) Griekse Nuwe Testament en die Textus Receptus.

Verder is daar ook ander belangrike tekste soos die Septuagint (Rahlfs), die Siriese vertaling van die Nuwe Testament (Peshitta), Siriese tekste en die Aramese parafrases van die Ou Testament (Targums), wat van die grootste belang is vir teoloë en die waarde van BibleWorks verhoog.

Al hierdie tekste is gemerk (tagged) en verbind aan die Hebreeuse, Griekse en Aramese Woordeboeke in BibleWorks. Dit beteken: As u met u muispyl op sê maar die woord Hebreeuse woord vir "skuil" in Psalm 2:12 gaan staan, verskyn die hele morfologie van die woord in 'n wenkvenster voor u. In die regterkantse venster (Analysis Window) verskyn die woordeboeke en dit is presies op die regte plek: by "skuil" en boonop by die verwysing na Psalm 2:12 in die woordeboek.

Woordeboeke

In die basispakket ingesluit kry u die Griekse woordeboeke van Louw-Nida, Friberg, Thayer, Barclay-Newman, en Liddell-Scott (verkort).

Vir die Hebreeus en Aramees het BibleWorks die Brown-Driver-Briggs woordeboek, die Theological Wordbook of the Old Testament en –Holladay se verkortong van die groot woordeboek van Koehler.

Vir die meeste studente en predikante is hierdie Hebreeuse en Griekse woordeboeke alreeds meer as genoeg.

Die volgende is nie deel van die basispakket nie en moet apart aangekoop word: die baie belangrike Griekse woordeboek van Bauer-Danker en die standaard Hebreeus-Aramese woordeboek van Koehler-Baumgartner. Eersgenoemde is \$150 en laasgenoemde \$159. As die twee saam gekoop word, kry u dit teen die spesiale prys

van \$212. Ook die verkorting van Kittel se *Theological Dictionary of the NT* is beskikbaar (\$59) en die groot Liddell en Scott (\$135).

Grammatika's

Die basispakket bevat die beroemde standaardwerk van Gesenius, die Bavinck van die Hebreeuse grammatika. Studente en dominees hoef nie meer in die teksindeks van Gesenius rond te blaai om te sien of daar iets staan oor Genesis 1:1 nie. As u op die Hebreeuse woorde "in die begin" gaan staan, verskyn oombliklik in die regterkantse venster (Analysis) tien skakels na plekke waar Gesenius iets skryf oor Genesis 1:1.

Daar is selfs 'n grammatika van die Aramees van die Targums (\$19.95).

Onder die Griekse grammatika's in die basispakket tel die *Greek Enchiridion* van *William G. MacDonald*, 'n handboek van die Griekse grammatika en sintaksis. Daar is selfs 'n grammatika van die Grieks van die Septuagint.

Die volgende is nou ook deel van die basispakket: Daniel B. Wallace's se *Greek Grammar Beyond the Basics: An Exegetical Syntax of the New Testament*; Waltke and O'Connor se *Introduction to Biblical Hebrew Syntax*; and Joüon-Muraokase *Grammar of Biblical Hebrew* (2006 revised edition). Hierdie drie boeke het in BibleWorks 7 in totaal \$143 gekos. Nou is dit gratis.

Die *Greek Grammar of the NT* van Blass, Debrunner en Funk (\$55) kan as bykomende module aangekoop word.

'n Menigte Bybelvertalings

BibleWorks 8 bevat ongeveer 190 vertalings in byna 40 tale.

Dit sluit onder ander die KJV, die NKJ, die ESV, die NLT en die NASB in. Ook die Holman Christian Standard Bible (2004) en die NetBible is deel van BibleWorks.

Daar is 6 Nederlandse vertalings (Leidse Vertaling, Lutherse Vertaling, die vertaling van die NBG en die Statenvertaling en die 1978 en 1995 Willibrord-vertalings) en Luther se vertaling van 1545.

Van groot waarde vir my is Delitzsch se Hebrew NT.

Ook die Afrikaanse 1953- en 1983-vertaling

Een van die baie nuwigheide in Bibleworks 8 is dat dit nou ook die Afrikaanse 1983-vertaling het.

Naslaanwerke en satelietkaarte

Al die werke van Flavius Josephus, Philo en die Apostoliese Vaders is op BibleWorks.

Nuut (en deel van die basispakket) is die standaardwerk van Schaff *Early Church Fathers* en die Babylonian Talmud and Mishnah vertaal deur Rodkinson. Die Dead Sea Scrolls English Translation Bundle: Biblical and Sectarian Texts is 'n opsionele module(\$30).

Die basispakket bevat verder die volgende: International Standard Bible Encyclopedia, Faussett Bible Dictionary, Synopsis of the Gospels, A.T.Robertson 's Word Pictures in the Greek NT, Metzger 's Bible Outline, Treasury of Scripture Knowledge, Easton 's Bible Dictionary, Nave 's Topical Index, Bible Timelines, Matthew Henry 's Commentary.

Die basispakket het die mooiste satelietkaarte van Israel.

Baie en kragtige funksies

Die program het drie vensters: die Search Window, die Browse Window en die Analysis Window.

Die Browse Window vertoon die Bybelteks in verskillende tale. In die Search Window verskyn die resultaat van jou soektog. Die Analysis Window vertoon die woordeboeke, grammatika's en kommentare.

As jy op die woord "wet" in die Browse Window dubbel-kliek, verskyn byna oombliklik in die Search Window al die plekke in die Skrif waar die woord voorkom. Om frases op te soek, is ewe vinnig en maklik. Soektogte kan ook met behulp van die Command Line of 'n meer gevorderde soekenjin (Graphical Search Engine) gedoen word.

Beweeg jy met jou muis oor die Hebreeuse woord "torah" (wet) in Psalm 1:2, gee die Analysis Window die taalkundige ontleding en die betekenis van die woord volgens

jou gunsteling woordeboek. Onder die Analysis Window (Resources Tab) verskyn ook skakels na waar die woord en teks in ander woordeboeke en grammatikas van BibleWorks voorkom.

In die Analysis Window is daar buiten nog 'n paar ander funksies ook 'n Context Tab. Die Context Tab laat u sien watter woorde in die spesifieke perikoop, hoofstuk en Bybelboek waarmee jy besig is, gebruik word en hoeveel keer 'n woord voorkom. Die woord “wet” byvoorbeeld word twee maal in Psalm 1 gebruik en 35 keer in die boek Psalms. Dit kan u help om lyne en temas in Bybelboeke raak te sien.

Bibleworks 8 het die KWIC-funksie (*Key Word in Context*) van weergawe 7 verder verfyn. Dit is vir my een van die belangrikste en waardevolste funksies van BibleWorks. Hierdie funksie wil u help om te sien in watter konteks 'n woord gebruik word, om u so te help om die betekenis van die woord beter te begryp. U kan byvoorbeeld gaan kyk watter woorde binne 5 (of hoeveel u ook al kies) woorde voor en na “skuil” in die Psalms voorkom. So kom die woord “by” talle male saam met “skuil” voor. Dit lei tot die ontdekking dat die woord “skuil” net in verband met God gebruik word – skuil “by” God.

Bybelvertalings en die oorspronklike tekste kan langs en onder mekaar geplaas word en met mekaar vergelyk word. BibleWorks vertoon die verskille tussen vertalings deur dit te merk.

Deel van Bibleworks is die belangrike werk van E Tov en F Polak: Die Hebreeuse en die Griekse teks van die Ou Testament word met mekaar vergelyk om te sien met watter Griekse woord of woorde 'n Hebreeuse woord vertaal word. So kan u met groot gemak uitvind met watter Griekse woorde (*nomos* en een maal *logos*) die Hebreeuse woord Torah (“wet”) vertaal word.

Hier moet ek stop. Ek het die deur van BibleWorks en sy rykdom net op 'n skrefie oopgemaak, maar daarmee hoop ek dat ek u nuuskierigheid geprikkel het.

'n Besonder goeie en maklike Help

Die pakket sluit buiten die gewone sagteware handleiding en 'n konteks-sensitiewe Help ook video's in, wat u stap vir stap leer hoe om die program te bemeester.

Met so 'n Help hoef u nie 'n kursus te gaan bywoon om die program onder die knie te kry nie. U kan rustig in u studeerkamer op u rekenaar luister en kyk na die moontlikhede van die program.

Waarom so min kommentare?

BibleWorks het doelbewus besluit om nie op hierdie mark in te gaan nie en hulle soos volg daarvoor verantwoord: "Ons wil ons kliënte ontmoedig om 'n groot klomp eksterne modules (kommentare, ens. – AHB) aan te koop. In die lig van die afwesigheid van publikasiestandaarde is sulke aankope op die heel beste riskant. Ons weet nie van iemand wat beplan om 'n groot elektroniese biblioteek aan hulle kinders na te laat nie en tog is die pryse van elektroniese boeke gelykstaande aan en hoër as gedrukte boeke. Ons wil kliënte daarom maan om versigtig te wees en om eerder hulle boekfondse te gebruik vir gedrukte werke. Ons beseft egter dat daar sekere gereedskap is wat eksegete op 'n daaglikse basis gebruik en dat dit nuttig is as dit in elektroniese formaat is".

Eie modules

Dit is moontlik jou eie modules te maak. Daar bestaan 'n blog (<http://bibleworks.oldinthenew.org/>) waar u gratis modules, geskep deur gebruikers van BibleWorks) kan aflaai. Dit sluit onder ander in: Calvyn se kommentare en die van Keil en Delitzsch.

Waar u Bibleworks in Suid-Afrika kan kry

Augustine Bookroom in Pretoria het die program bestel.

Hulle eposadres is augustinebookroom@telkomsa.net en telefoonnommer is 012-993-4606.